**18 September**

**God skenk aan ons 'n paradys**

**Skrifgedeelte: Lukas 23:35-43**
**Fokusgedeelte: Lukas 23:43**

Jesus hang aan 'n vloekhout tussen hemel en aarde, met twee misdadigers aan weerskante van Hom. Wat 'n vernedering, maar tog ook Godverheerlikend.

Die een misdadiger sluit hom by die skare aan en vra spottend en Godslasterend waarom Jesus, wat die Christus is, nie self ingryp en verlossing bewerkstellig vir hulle drie wat aan die kruise hang nie. Jesus bly stil. Hierdie stilte is nie uit onmag nie, maar Hy werk in stilte met die hart van die tweede misdadiger. God werk dikwels ook in stilte met ons; ons is al lankal by moedverloor verby net om te sien dat Hy juis in stilte met ons gewerk en vasgehou het.

Die Goddelike ingrype in die hart van die misdadiger bring hom tot skuldbesef. Hy bestraf sy medegekruisigde, omdat hy besef dat Jesus onskuldig is. Sy gebedsversoek aan Jesus kom verrassend, want die Heilige Gees werk in hom: "Dink aan my ..." Jesus verseker hom dat hy daardie spesifieke dag saam met Hom in die hemelse paradys sal wees, nie net in die paradys nie, maar *saam met Jesus*. Wat 'n geweldige troos aan hierdie man wat eintlike verlore gevoel het – daar is vir jou verlossing.

Watter troos hou dit nie vir ons in nie: jou sterfdag is ook jou paradysdag. Al is die liggaam in die graf, jy beleef Jesus Christus se teenwoordigheid. Jy is nie alleen nie, maar almal wat aan Jesus gebind is deur die geloof, is saam met jou; wat 'n wonderlike voorreg. Die dood hou nou geen verskrikking in nie!

*Sing: Skrifberyming 18-6:1, 5, 6*

*Dr. Frans Minnie (Pastorale berader, Cachet)*